www.afrikaans.org.au

Blitsvinnige Vrugtekoek

2 pakkies Marie beskuitjies (grof gebreek)
2 eiers
1 koppie (250ml) sagte bruin suiker
1 koppie (250ml) botter of margarien (verkieslik botter)
3 koppies (750ml) gedroogde vrugtemengsel (fruit mix)
75g glanskersies
2 sopies brandewyn of sjerrie

Smelt botter en suiker, moenie kook nie. Voeg vrugte by en kook vir 3 minute.
Voeg geklitste eiers by. Roer vinnig na elke byvoegsel en kook vir nog 2 minute.
Voeg Marie beskuitjies, kersies, brandewayn of sjerrie by en roer goed. Roer goed tot alles goed gemeng is.
Plaas in gesmeerde broodpannetjie wat uitgevoer is met waspapier wat ook gesmeer is.
Druk mengsel stewig vas en laat afkoel.Keer uit en strooi met versiersuiker voor bediening.